# Aktiwiteit 1: Ontmoet & Groet

**Sê die voglende in jou eie woorde:** Welkom by die Kinderkerk. Ek hoop julle voel al sommer baie tuis. Baie van julle was verlede jaar al deel van die Kinderkerk. Hier is ook nuwe kinders wat vandag vir die eerste keer by ons is. Of jy nou nuut by ons is en of jy nou al van Kleuterkerk af by ons is. Jy is baie welkom. Dit is my wens dat jy hier in hierdie klas nader aan Jesus sal groei deur al die lekker aktiwiteite wat ons saam gaan doen.

Jy gaan vandag 'n Bouboek kry vir al jou lesse en aktiwiteite. Jy moet asb onthou om dit elke week saam te bring. Ons gaan elke week 'n lekker aktiwiteit saam doen en dan daarna sal ons dit in hierdie Bouboeke bêre. Agter op elke aktiwiteit is 'n paar vrae en uitdagings wat jy saam met jou mense by die huis kan doen. Op hierdie manier kan jy sommer oefen hoe 'n mens 'n geloofsles met ander deel, sodat jy dit later ook met ander mense kan deel.

*(Gebruik die geleentheid om spesiale klasreëls te bespreek wat jy graag wil instel in jou klas. )*

## Kom ons speel 'n lekker ysbreker speletjie om mekaar beter te leer ken:

1. Kinders moet een van die volgende twee uitdagings kies wanneer dit hulle beurt is:

   a) Neem 'n suikerboontjie in jou hand, gooi hom in die lug op en probeer hom met jou mond te vang.

   OF

   b) Neem 'n suikerboontjie en probeer hom in die koppie wat in die middel van die tafel staan te gooi.

2. Wanneer die kind daarin slaag om die aksie uit te voer, moet hy/sy hulself voorstel deur hul naam te sê. Hulle moet ook dan 1 ding oor hulself vertel wat waar is en 1 ding wat 'n leuen is. Die kind wat eerste reg kan raai wat die waarheid is oor die ander maat kry volgende 'n beurt. Maak seker dat elke kind in die klas ten minste 1 kans kry om hulself voor te stel.

3. Kom ons kyk wie het die mooiste opgelet. Die kind wat daarin slaag om almal se name te onthou asook 1 ding oor hulle wat waar is kry 'n spesiale prys.

# Aktiwiteit 2: Leuens en trosies

**Sê die volgende in jou eie woorde:** Nou dat ons mekaar beter leer ken het, kom ons kyk wie kan die boodskap wat ons vanoggend gekry het die beste onthou. Watter waardevolle les kan ons by suikerboontjies leer? (laat kinders toe om te antwoord).

Mense is sommer lekker laf as hulle glo dat suikerboontjie net so gesond soos regte boontjies is. Dit is nou 'n snaakse voorbeeld, maar partykeer gebruik ons leuens en trosies wanneer ons sonde doen, omdat die waarheid ons ongemaklik laat voel.

Kom ons dink saam oor die volgende:

## Koubouter Koukis:

1. Wie van julle het al iets gedoen wat jy weet nie reg was om te doen nie?
2. Hoe het jy daar leuens en trosies om nie meer so ongemaklik te voel nie?
3. Waarom is dit gevaarlik om die ongemaklike gevoel wat sonde ons laat voel met leuens en trosies weg te kry?

Kom ons lees bietjie wat sê die Bybel hieroor. Wie van julle het julle Bybel saamgebring? Ons gaan elke week kyk wie eerste die Bybelverse kan opspoor, so onthou asb. van volgende week af om jou Bybel saam te bring.

**Ons stukkie vir vandag is in Spreuke 28:13.**

Wenk: Is hierdie boek in die Ou Testament of Nuwe Testament geskryf?

Opgespoor! Wonderlik. Kom ons lees wat sê hierdie gedeelte.

4. Verduidelik wat hierdie gedeelte sê in jou eie woorde.
5. Waarom dink jy waarsku die Bybel ons dat dit nie goed vir ons is om ons sonde weg te probeer steek?
6. Waarom is dit so moeilik vir ons om ons foute met Jesus te deel?

Ons het vandag ook geleer hoe Aaron sy fout wat hy gemaak het probeer wegsteek het. Die verhaal staan in Eksodus 31:1-35. Aaron het agtergekom dat die mense die goue kalf begin aanbid het wat hy vir hulle gemaak het. In plaas om van met God te praat oor dit wat hy gedoen het, het hy net 'n tempel vir God voor die kalf gaan bou. Hy het homself getroos dat die mense vir God aanbid en nie besig is om die kalf te aanbid nie.

7. Hoe het Aaron self van sy fout probeer ontslae raak?
8. Waarom het sy plan nie gewerk nie?
9. Waarom werk ons planne wat ons maak om ons foute weg te steek ook nie?
10. Wat gebeur as ons self kies om ons foute reg te maak?
11. Wat gebeur as ons Jesus vertrou met die foute wat ons gemaak het?
12. Hoe kan ons 'n suikerboontjie en die verhaal van Aaron se fout gebruik om iemand te help wat 'n fout gemaak het.

